SAKE 24 (Beeld)
Friday, 6 November 2009, p. 4

USB lid van wêreldwye netwerk van sakeskole

Die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool (USB) is as lid van die Global Business Schools Network (GBSN) aanvaar.

Dit is 'n organisasie sonder winsbejag wat poog om bestuursopvoeding in opkomende markte te verbeter en aan te moedig.

Die USB is slegs die derde sakeskool in Suid-Afrika en vierde in Afrika wat 'n GBSN-lid word. Daar is tans meer as 30 sakeskole wat GBSN-lede is, waaronder Harvard en Wharton in die VSA en die London Business School.

As lid van die GBSN sal die USB sy kennis deel en help om programme by sakeskole in veral Afrika te versterk.